LICHTENBURGSKOU 2014

Die Lichtenburgskou het vanjaar plaasgevind van Dinsdag 24 Maart 2014 tot Donderdag 27 Maart 2014. Lichtenburgskou is die W-Tvl. Limousin klub se tuis skou en dien ook as Klub Kampioenskappe en streek kampioenskappe.

Die deelnemers was vanjaar Eran Limousins (12 diere) , Nedibest Limousins (11 diere) en Xourel Limousins (14 diere). Die senior beoordelaar was Mnr. Johan Pistoruis terwyl Mnr. Willie Brits die Junior beoordelaar was, nog 'n teler mnr. Attie du Plessis het opgetree as "ringstuard". Daar is ook saamgespan met die Angus manne en het Wesbie le Roux vir ons almal wors gebraai, die vrouens het vir die res gesorg, sodat ons almal aan heerlike worsbroodjies kon smul tydens die geleentheid.

Die uitslag van die beoordeling op 26 Maart 2014 was asvolg:

VROULIKE DIERE:

Klas 1 - Verse onder 12 maande:

1. Nedibest Nil
2. Xourel Lassy

KLas 3 - Verse 12 maande en onder 15 maande:

1. Xourel Loslappie
2. Eran met Henbase Lesel 10

VERSKALF KAMPIOEN: Xourel Loslappie **Reserwe:** Nedibest Nil.

Klas 4 - Verse 18 maande en onder 24 maande:

1. Eran V122
2. Nedibest Mary
3. Eran V123

Klas 5 - Verse 24 maande en onder 30 maande:

1. Xourel Annabel
2. Xourel Voshaarnooi

Klas 6 - Vers of koei 30 maande en onder 36 maande:

1. Eran met Henbase Shamesell
2. Nedibest Mebos

JUNIOR VROULIKE KAMPIOEN: Xourel Annabel **Reserwe:** Eran met Henbase Shamsell.

Klas 7 - Koeie 3 jaar en onder 4 jaar:

1. Eran met Henbase 1020

Klas 8 - Koeie 4 jaar en onder 5 jaar:

1. Eran met Henbase 0921 sky

Klas 9 - Koeie 5 jaar en ouer:

1. Xourel Meisiekind
2. Eran met Floris Fransie

Klas 11 - Droë koeie 5 jaar en ouer:

1. Eran met Kentron Jakkie
2. Nedibest Ola

SENIOR KAMPIOEN KOEI: Xourel Meisiekind **Reserwe:** Eran met Kentron Jakkie
RAS KAMPIOEN KOEI: Xourel Meisiekind **Reserwe:** Xourel Annabel

BULLE:

Klas 12 - Bulle onder 12 maande:

1. Xourel Peterpan
2. Nedibest Compton Uli
3. Nedibest Wicus

Klas 13 - Bulle 12 maande en onder 15 maande:

1. Eran VN 131

Klas 14 - Bulle 15 maande en onder 18 maande:

1. Xourel Seeman
2. Nedibest Wicus
3. Eran met Devlan Honesty

BULKALF KAMPIOEN: Xourel Peterpan **Reserwe:** Xourel Seeman

Klas 15 - Bulle 18 maande en onder 24 maande:

1. Nedibest Dikgat
2. Xourel Habakuk

Klas 17 - Bulle 30 maande en onder 36 maande:

1. Xourel met Joluza Mea Zipman LCB 11.67 of "Windgat"
2. Xourel Superman
3. Xourel Recce

JUNIOR KAMPIOEN BUL: Nedibest Dikgat **Reserwe:** Xourel met "Windgat"

Klas 18 - Bulle 3 jaar en onder 4 jaar:

1. Nedibest Muscle 19

Klas 20 - Bulle 5 jaar en ouer:

1. Eran met La Rhone Ghandi

SENIOR KAMPIOEN BUL: Eran met La Rhone Ghandi **Reserwe:** Nedibest Muscle 19.
RAS KAMPIOEN BUL: Eran met La Rhone Ghandi **Reserwe:** Nedibest Dikgat

Klas 24 - Vaar nageslag van 3 diere beide geslagte, eindom van vertoner:

1. Nedibest met nageslag van HV 119.

2. Xourel met nageslag van La Rhone Jett (LR 0940)

Klas 25- Moeder nageslag van 2 diere beide geslagte, eiendom van vertoner:

1. Nedibest met nageslag van KM 027

2. Xourel met nageslag van Xourel Meisiekind (XRL 082)

Klas 26 - Moeder en dogter eiendom van vertoner, dogter bo 8 maande:

1. Eran met HBE 1020 en dogter VN 1259.

Klas 27 - Beste twee hanteerders per vertoner:

1. Jacob. (Nedibest)

2. Jacob (Eran)

3.John (Xourel)

LICHTENBURGSKOU GENOOTSKAP VERTONERS PUNTE VERWERF:

(1ste – 5 punte, 2de- 3 punte, 3de – 1 punt & Kampioen – 10 punte)

1. Xourel – 102
2. Eran – 76
3. Nedibest – 56

INTERRAS:

Groep van twee, beide geslagte eiendom van die vertoner:

2. Eran Limousins.

Grootkampioen bul:

2. Resewe Grootkampioen bul: Eran met La Rhone Ghandi.

Baie geluk aan al die wenners en deelnemers, dankie aan die Lichtenburgskou Genootskap, veral aan Mnr. Flippie du Plessis, Visie President en voorsitter van die beeste komitee, vir al hul moeite en reëlings. Dit was ook vir ons ‘n groot voorreg om ons Rasdirekteur , Mnr. P van Biljon vir die dag by ons te kon hê. Dan ook ‘n groot woord van dank aan al ons Limousin uitstallers, sonder julle kan ons nie. Die Wes-Tvl. Limousin klub ontvang u, asook al die lede van die Limousin Genootskap van SA graag in 2015 op Lichtenburg.